

Gereformeerde Kerk Bellville – 25 Junie 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 107:9, 10 (p. 535)

- 9 Angs was daar by verfloutheid, / maar hul geroep het God
verhoor in die benoudheid, / met wending van hul lot.
Hy het sy woord gestuur / wat siekte^{en} kwaal genees het,
'n engel in die uur / toe hul die dood gevrees het.
- 10 Laat hul met offerande / die HERE loof en dank,
die werke van sy hande / vermeld met klare klank;
laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,
Hom met hul offers prys, / omdat Hy groot en goed is.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 105:1, 3 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dae in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 3 Vra na die HEER der leërmagte, / die HEER oneindig groot in kragte;
soek daeliks sy aangesig; / gedenk die werk deur Hom verrig,
die wonders deur sy hand gedaan, / en wil sy strawwe gadeslaan.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 69:1, 3 (p. 342)

- 1 Help my, o God, want ek vergaan! / Ek het in modder ingegly
waar daar geen staanplek is vir my; / en oor my storm die waters aan.
Ek roep my hees, my oog versmag, / waar ek vergeefs op U bly wag.
- 3 Voor U alleen wil 'k skuld bely. / My dwaasheid, ag, die klaag my aan.
Maar laat om my beskaamd nooit staan / wie op U wag. U weet ek ly
en dra my smaad geduldig-stil / om U, o HEER, om U ontwil!

Gebed

Psalm 77:1, 5 (p. 384)

- 1 Opwaarts klim my roep en rede, / o my God, verhoor my bede;
in benoudheid, altyd weer, / neem ek toevlug by die HEER,
En my hande, hele nagte, / met my worst'lend in my klagte,
bly, terwyl 'k mistroostig smee, / sonder moeg word, opgesteek.
- 5 Sou God sy gená vergeet het? / Van my onheil nie geweet het?
Is ontferming dan vir my / deur sy gramskap afgesny?
Ja, Gods hand, voorheen grootdadig, / red ons nou nie meer genadig,
ons wat diep ellendig is – / dit is my bekommernis!

Skriflesing: Daniël 10

Kernverse: Daniël 10:12-14

Toe sê hy vir my: Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom; maar die vors van die koninkryk van die Perse het een en twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, Migael, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ék het daar oorgebly by die konings van Persië. Ek het dan gekom om jou inligting te gee oor wat jou volk aan die einde van die dae te beurt sal val, want die gesig sien nog op die verre toekoms. (Daniël 10:12-14 AFR53)

Tema: Gelowiges se gebede bring die hemel en hel in beweging

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, as iemand vir ons sou vra: Hoekom bid julle Christene? Wat sal ons antwoord op hierdie vraag wees? Miskien sal party antwoord dat hulle bid omdat dit van hulle verwag word, of omdat hulle glo dat dit die regte ding is om te doen. Ander sal moontlik antwoord dat hulle bid om vir die Here iets te vra of om Hom te dank vir wat Hy gedoen het. Ek is seker dat gebed vir elke ware gelowige van die uiterste belang is. Sommige van ons bid net meer as ander, of langer as ander. Elke Christen bid tog seker een keer per dag.

Met hierdie antwoorde het ons ten minste aan die vraagsteller 'n antwoord gegee oor hoekom ons bid. Maar die eerste vraag lei tot 'n volgende vraag. Dit is vraag waarvoor ek nadink en miskien het jy ook al daarvoor nagedink. Die vraag is: Wat is ons ervaring van of ons gevoel oor gebed? Sommige sal sê dat hulle antwoorde op hulle gebede ontvang het. Ander sal weer sê dat hulle al solank oor 'n saak bid, maar hulle kan nog nie sê dat die Here hulle gebede verhoor het nie. Nog ander sal miskien sê dat dit vir hulle voel asof hulle gebede net tot teen die plafon van hulle kamer kom. Dit lyk asof bid maar net 'n gepraat in die wind is, jy bid en jou woorde raak sommer so weg in die niet. Dan is daar weer ander mense wat sal sê: Ag, wat help dit om te bid, die Here weet mos klaar wat Hy gaan doen. Watter uitwerking sal my gebed tog op die omstandighede hê?

Broers, susters en kinders, elkeen van hierdie negatiewe ervarings oor gebed maak een ding vir ons duidelik: Ons het nie 'n benul hoe kragtige gebede is nie. Gebed is nie sommer net 'n gepraat om die tyd om te kry nie. Die Here sê self: Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking (Jak 5:16). Vanoggend wys die Heilige Gees vir ons hoe 'n kragtige uitwerking gelowiges se gebede regtig het.

Daniël, die bejaarde profeet van die Here, sê self dat hy in die derde regeringsjaar van koning Kores 'n openbaring van die Here ontvang het. Dit was moeilik om die openbaring te verstaan, maar 'n engel van die Here het die betekenis daarvan vir hom gegee. Maar wat het gebeur voordat Daniël die betekenis van die openbaring verstaan het? Dit is wat hy vanaf vers 2 vir ons vertel. Voordat ons by Daniël se vertelling kom, moet ons eers te wete kom wat die agtergrond is.

Toe koning Kores die Babiloniërs oorwin het, het hy toegelaat dat die Jode, wat nog deur Nebukadnesar in ballingskap weggevoer is na Babel toe, na hulle land kon terugkeer. Volgens Esra het nagenoeg 200 000 Jode na die beloofde land teruggekeer. Soos wat 'n mens kan verwag, het hierdie Jode, wie se geloof tydens die ballingskap gelouter is, sommer dadelik werk daarvan gemaak om die tempel te herbou sodat hulle weer die Here

kon dien soos Hy aan hulle voorgeskryf het. Maar omdat die verbasterde Jode en heidene, wat in die omgewing van Jerusalem gewoon het toe die Jode uit die ballingskap terugkeer, nie voordeel kon kry uit die herbou van die tempel nie, het hulle skinderstories versprei. Hierdie basters en heidene het koning Kores laat verstaan dat die Jode teen hom in opstand sal kom sodra die tempel herbou is. Op grond van hierdie skinderstories, is die bou van die tempel gestaak.

Daniël het berig gekry hiervan en dit het hom ongelukkig en hartseer gestem. Wat wil die Here tog met sy volk laat gebeur in hierdie vyandige wêreld, het Daniël gewonder. Op grond hiervan het die Here aan Daniël 'n openbaring gegee oor wat in die toekoms met Israel gaan gebeur. Maar selfs met hierdie openbaring het Daniël nog nie kop of stert daarvan uit-gemaak nie. Die onverstaanbaarheid van die openbaring en die hartseer oor wat daar in Jerusalem aan die gebeur is, het daartoe gelei dat Daniël gryp na die magtigste wapen wat gelowiges het. Selfs die kleinste kindjie in die koninkryk van God kan hierdie wapen gebruik: die gebed. Vir drie weke het Daniël net die basiese kos geëet. Hy het gevas deur sy mond aan geen lekker kos te sit nie sodat hy homself kon toewy aan gebed, die kragtige wapen van die gelowige.

Om ons te laat verstaan hoe 'n kragtige uitwerking die gebed van 'n gelowige het, wys die Heilige Gees vir ons twee tekens. Die eerste teken is die verskyning van die engel aan Daniël en die uitwerking daarvan. Ons staan kortliks by hierdie eerste teken stil.

Daniël beskryf hoe die engel gelyk het wat hy gesien by die Tigrisrivier. Wanneer 'n mens hierdie beskrywing van die engel vergelyk met die beskrywing wat Johannes in die boek Openbaring van Jesus Christus gee, sien 'n mens 'n hele klompie ooreenkomste. Engele is diensknegte van God wat in opdrag van die Here die gelowiges dien. Die engel, die dienskneg van die Here, wat aan Daniël verskyn, is maar net 'n weerkaatsing van die heerlijkheid van die Here self. En kyk net watter uitwerking het hierdie verskyning van net 'n dienskneg van die Here.

Die ander mense saam met Daniël het nie die engel gesien nie, maar toe hy praat, het hulle die hasepad gekies. Hulle het weggehardloop en gaan wegkruip. Daniël was nie onaan-geraak nie. Hy het flou geword en op die grond neergeval. Eers toe die engel hom opgehelp het, kon Daniël al bewende regop kom. Maar hy was sprakeloos en bang totdat 'n ander engel hom aangeraak het en krag gegee het.

Geliefdes, as dit die uitwerking is wat die verskyning van net 'n engel van God op ongelowiges en gelowiges het, dink net watter uitwerking sal daar op ons wees as die Here Jesus self en sy Vader aan ons moet verskyn. Ons sal verblind wees en heel waarskynlik eerder wens om te sterf. Net so terloops, engele is nie die mooi kostelike figuurtjies met pienk pofferige wangetjies en blink vlerkies, wat ons in prentjies sien, nie. Engele is diensknegte van die almagtige God en hulle weerkaats die heerlijkheid van ons Here. En net hierdie weerkaatsing het hierdie aangrypende uitwerking op mense.

Met hierdie beskrywing wat Daniël van die engel se verskyning gee, kry ons al 'n flits van die kragtige uitwerking van 'n gelowige se gebed. Om dit te verduidelik, moet ons vra hoekom die verskyning van die engel so 'n geweldige uitwerking het. Die antwoord lê in die Een tot wie ons bid. Wanneer 'n Christen opreg bid, bid hy tot die almagtige God wat die hemel en die aarde gemaak het deur maar net te praat en dit was daar. Ons aanbid nie 'n beeldjie

van 'n god wat niks kan doen nie. Ons bid tot die enigste lewende God, die almagtige Vader van ons Here Jesus Christus. Daarom het maar net die verskyning van die engel

wat die antwoord van Daniël se gebed bring, so 'n geweldige uitwerking op Daniël en die ander mense wat by hom was.

In die tweede teken wat die Heilige Gees vir ons wys, sien ons werklik watter kragtige uitwerking die gebed van 'n gelowige het. Die Heilige Gees trek die gordyn weg sodat ons kan sien wat gebeur agter die skerms wanneer ons gelowiges bid.

Daniël het vir drie weke onophoudelik gebid omdat hy ook nie geweet het wat agter die skerms aan die gebeur was nie. Hy het nie vir drie weke op 'n antwoord gewag omdat die Here te besig was om na hom te luister nie. Van die eerste oomblik af dat Daniël hom verootmoedig en gebid het, het God sy gebed gehoor. In antwoord op Daniël se gebed het die Here die hemel in beweging gebring. In antwoord op Daniël se gebed het die Here dadelik hierdie engel met die antwoord na Daniël toe gestuur.

Geliefdes, ons Here God is gretig om ons gebede te hoor en antwoord daarop te gee. Ter wille van Jesus Christus sal ons hemelse Vader nie sy kinders laat vra en vra en vra sonder om iets te doen nie. 'n Aardse ouer sal nog sy kind laat vra en teem tot vervelens toe, maar ons hemelse Vader doen dit nie. Van die eerste oomblik af dat Daniël gebid het, het God hom gehoor en dadelik het Hy die engel met die antwoord gestuur.

Maar nou sien ons nog iets interessant. Daar kom nie net in die hemel beweging wanneer 'n gelowige bid nie. Die hel kom ook in beroering. Die engel van die Persiese ryk was beslis nie een van God se heilige engele nie, maar is een van die duivel se maatjies. En nou weet ons mos dat die duivel elke keer probeer om die Here se planne in die wiede te ry. Die duivel wil nie hê dat Daniël antwoord op sy gebed kry nie, want solank as wat Daniël nie antwoord het nie, sal hy hartseer en ongelukkig wees. En dit is presies wat die duivel wil hê. Hy wil hê dat die kinders van God ongelukkig, bedruk en moedeloos moet wees. Solank as wat ons so voel, weet die duivel dat hy 'n beter kans het om ons oor te haal om op te hou bid. Dit is dan wanneer hy met die storiëttjie kom dat dit tog nie help om te bid nie. Maar ons dank die Heilige Gees dat Hy nie ophou om in gelowiges die begeerte te werk om te bid nie. Dit is omdat die Heilige Gees kragtig in Daniël gewerk het, dat hy vir drie weke kon volhou in gebed.

En nou sien ons saam met Daniël wat het in die drie weke agter die skerms gebeur. Die engel met die Here se antwoord op Daniël se gebed is vir een en twintig dae lank teruggehou deur die engel van die Persiese ryk. Eers toe Migael hierdie engel kom help het teen die duivel se maatjie kon hierdie engel uiteindelik by Daniël uitkom.

Maar wat ons ook moet raaksien, is dat die duivel nie net aan Daniël wil karring nie. Daniël was nie die enigste ware gelowige in daardie tyd nie. Baie van die Jode wat na Jerusalem teruggekeer het, was ook ware kinders van God wat weer die Here voluit wou dien soos Hy aan hulle voorgeskryf het. En solank as wat die engel van die Persiese ryk en die duivel self dit kan regkry om vir Kores teen die herbou van die tempel te hou, so dink die duivel, sal hy dit regkry dat die Jode ook nie meer aan die Here getrou sal bly nie.

Dit gaan vir die duivel egter nie net oor die Jode nie, maar oor 'n baie ou belofte van die Here. Dit is die belofte wat die Here nog aan Adam en Eva gemaak het toe Hy vir die duivel gesê het:

En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

(Genesis 3:15 AFR53).

Die duiwel wil eintlik die ganse mensdom in sy wrede mag behou sodat almal saam met hom in die ewige verderf kan beland. En in die tyd van Daniël het die duiwel al sy planne teen God se verlossingsplan op die Joodse volk toegespits. Dit is immers aan Abraham wat die Here belowe het dat al die geslagte van die aarde in hom geseën sal wees. Dit is uit die belofde nageslag van Abraham dat die belofde Verlosser, ons Here Jesus Christus, ge-bore sal word. Indien duiwel dit kan regkry om die Joodse volk te oorweldig, sal sy kop nie vermorsel word nie.

Die duiwel se teenstand het nie toe geslaag nie, nie by Daniël nie en ook nie wat die Jode en die koms van Jesus betref nie. Elke keer het die Here deur sy engele oorwin, want ons God is almagtig en Hy luister na die noodroep van sy kinders. Daniël is weer deur die Here se antwoord bemoedig. Die Jode kon later weer voortgaan met die herbou van die tempel. En uiteindelik is die belofde Verlosser, ons Here Jesus Christus gebore. En Hy het op Golgota die duiwel se kop vermorsel deurdat Jesus se betaling vir mense se sondes die mag van die sonde en die duiwel oor God se kinders gebreek het.

Maar, geliefde broer, suster en kind, dit beteken nie dat die duiwel nie nog sy kans teen ons, die kerk van die Here Jesus, sal waag nie. Onthou, die duiwel weet dat sy tyd min is, daarom sal hy aanhou en aanhou om Jesus Christus en ons hemelse Vader van sy kinders te probeer beroof.

Maar nou weet ek en jy ook vandag dat ons gebede nie maar net 'n gepraat in die wind is nie. Elke keer wanneer ek en jy die Here smee om sy koninkryk te laat kom sodat ons nog meer gehoorsaam aan die Here kan word, dan ontketen daar 'n geveg in die engelewêreld. Die Here se heilige engele veg teen die duiwelse magte wat wil hê dat ek en jy al minder gehoorsaam moet word aan die Here. Elke keer wanneer ons bid: *Laat u koninkryk kom*, dan vra ons ons hemelse Vader om die werke van die duiwel, elke mag wat teen Hom in opstand is en alle kwaadwillige planne wat teen die Woord bedink word, te vernietig.

Geliefdes, ons gebede tot die almagtige God roep oorloë in die engelewêreld op, want die Satan en sy bese engele raak bekommerd en wil ons gebede stuit en laat ophou. Maar ons kry ook die versekering uit die Woord dat die duiwel nie in die verlede kon slaag om die Here se besluit te keer nie. Die duiwel sal ook nie nou kan slaag om die Here se wil te stop nie. Daarom kan ek en jy maar aanhou met bid, al wag ons lank op 'n antwoord of sien miskien nooit die antwoord nie. Die Here se magte kan nie oorwin word nie.

En as ek en jy moedeloos word, omdat ons so lank wag en nog nie antwoord op ons gebede gekry het nie, laat ons die Heilige Gees vra om ons te versterk sodat ons kan aanhou bid. Solank as wat ek en jy bid, is ons besig om saam met die Here en sy engele die geveg teen die duiwel en sy bese engele te voer. En ons weet, want die Here belowe dit, ons sal as oorwinnaars na vore tree, want ons Here Jesus het oorwin en Hy sal die Satan en al sy bese magte in die poel van vuur neerwerp.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 10-1:2, 4 (Sb 28)

- 2 Gee dat u koninkryk mag kom, / in Christenland en heidendom,
in sy triomfe eindeloos! / En laat ons op die aarde, soos
die eng'le wat u troon omring, / gewillig, Heer, u wil volbring.

- 4 Lei ons nie in die donker land, / die wêreld van versoeking, want
ons is so swak. Verlos ons van / die Boseⁿas hy sy vangnet span.
Want U kom toe die majesteit / en krag en eer in ewigheid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 3-3:1, 3

- 1 Dag van verlossing! Kyk, Hy kom – / Gesalfde van die Heer.
Op Hom het God se Gees gekom / om goeie nuus te bring.
- 3 Hulle wat treur, kom bied Hy troos; / waar smart is, gee Hy eer.
Sy volk wat sug in vreemde land / herstel Hy eind'lik weer.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
25 Junie 2017